

# in jou gedagtes

Herman van Veen & Alida Bothma

## NET MOOI ORALS

in jou gedagtes
kan jy orals wees
in die hemel
sonder om eers dood te gaan
en kan jy vir God
'n soentjie gee





jy kan weer visvang
met jou oupa
met die engeltjies
eenbeentjie spring



gaan wegkruip
agter wolke
en lag
vir die grappies
wat Ouma maak




jy kan

oor Hongkong en Beijing
hop-hoppetie-hop oor
die Himalajas en

kaalbas

of in jou pajamas
reguit
na Lima gaan